

FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!



UITGawe 269 · 9 JUNIE 2022

Kontakbesonderhede: mediasentrum@framesby.co.za

FRAMESBY SKITTER BY DIE UCT WISKUNDE KOMPETISIE

Op 18 Mei 2022 het 17 Framesby-leerders die UCT Wiskunde kompetisie by Alexander Road aangedurf. Meer as 750 leerders van 30 verskillende skole het deelgeneem.

Leerders kon op een van twee maniere inskryf – óf vir die individuele kompetisie óf vir die kompetisie in pare waar hulle twee-twee aan die probleme kon saamwerk. Ons Framesby-leerders het uitstekend gevaar en boonop groot pret gehad – veral in die pare-afdeling.

Top individuele uitslae :

Tiaan de Beer was 1ste van die 25 gr 12's

Heila Oosthuizen was 2de van die 39 gr 11's

Anri de Beer was 2de, Dylan Wannenburg 5de en Anke Rossouw 14de van die 78 gr 9's

Danél Pieterse was 11de van die 49 gr 8's

Top uitslae in die pare kompetisie :

Matthys Potgieter en Paul van Heerden was 1ste van die 44 gr 8 pare

Ruben Bouwer en Daniël Stofberg was 5de van die 44 gr 8 pare

Anri Botha en Lara Nell was 9de van die 35 gr 10 pare

Wiehahn de Lange en Déwan Venter was 8ste van die 40 gr 11 pare

Veels geluk met hierdie puik uitslae – ons is baie trots op julle!



16 SEUNS IN OP-RUGBYSPANNE OPGENEEM

0.18 Cravenweekspan

Juan Baard

Zack Serfontein (o/k)

Logan Muller

0.18 Akademiespan

Corné Scheepers

0.16 Grant Khomospan

Lafkas Aylward

Taine Douw

Ethan Smit

0.16 Rhinospan

Ryan Rousseau

Nicholis Wessels

0.15 Rhinospan

Rico van Leeuwen

Ethan Carr

Nathan Birkholtz

André Barnard

Eden Calitz

Jade Rollison

Cole Hilpert

0.18 Akademiespan hulp afrigter

Mnr. Francois vd Walt



VERJAARSDAE DIE WEEK

SATERDAG · 11 JUNIE

Miecke Smuts

SONDAG · 12 JUNIE

GEEN

MAANDAG · 13 JUNIE

Danika Nel

Jurgen van Maanen

Marizelle Muller

Luka Bessinger

DINSDAG · 14 JUNIE

Werner Lee

Kian Pienaar

WOENSDAG · 15 JUNIE

Samuel Vos

Nathan Steyn

DONDERDAG · 16 JUNIE

Tanika Nel

VRYDAG · 17 JUNIE

Juffrou Z. Strydom

Wiehahn de Lange

Juanré de Vos

Aiden Dawids



HIERDIE WEEK SE FAKKEL-FLITSE WORD MET TROTS GEBORG DEUR:
SUNRIDGE VILLAGE

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Ouers

Ek haal 1 Tessalonisense 1 vers 2 aan: "Ons dank God altyd vir julle almal wanneer ons in ons gebede aan julle dink. Sonder ophou." Mag dit in al ons gebede waar word.

Ouers, ek wil graag die volgende belangrike punte vir u uitlig:

A) MAANDAG, 20 JUNIE 2022

Die normale akademiese program neem weer 'n aanvang op bogenoemde datum met dag 8. Ouers, dit is belangrik dat alle leerders die laaste week die skool móét bywoon. In baie klasse vind intervensies plaas, maar in baie ander klasse (veral die kernvakke) word kwartaal 3 se werk reeds behandel. Ouers, géén leerder kan dus in die laaste week van die skool afwesig wees nie.

B) TOERISME GRAAD 12

Volgens departementelege riglyne moet alle graad 12-leerders op Woensdag 22 en Donderdag 23 Junie hul Toerisme-PAT tydens skoolure afhandel. Elke sessie neem 4 ure en hulle handel dit onder gewone eksamentoestande af. Alle leerders, om hulle voor te berei, het reeds in die klaskamer vooraf onderrig ontvang. Aangesien dit departementeel is, is dit belangrik dat indien 'n leerder afwesig is, 'n mediese sertifikaat dadelik aan me, L Schelbert ge-epos moet word.

Leerders se daagliksessie is van 07:30 tot 11:30 in die Voorlesinglokaal waarna hulle normale klasse sal bywoon. Die PAT tel 'n groot persentasie van die leerders se vorderingspunt – daarom vra ons u ondersteuning tuis.

C) FAKKELFLITS

Ek moedig u aan om die Fakkelflits deeglik te bestudeer. Hier hou ons u op hoogte van alle gebeure en prestasies. Dit is op Framesby se Facebook-blad beskikbaar.

D) SKOOLSLUITING 24 JUNIE 2022

Kwartaalverslae word op Vrydag, 24 Junie 2022 tussen 07:30 en 09:00 uitgegee.

HEK A: Graad 10/11/12

HEK B: Graad 8/9

Daar sal slegs op onderstaande datums onderrig in die volgende vakke plaasvind:

Graad 10 - Fisiese Wetenskappe 07:30-09:00

Graad 12 - Wiskunde 07:30-12:30

E) AKADEMIESE AAND

Donderdagaand 28 Julie 2022 word 'n akademiese aand vir ons top 20-leerders in die skoolsaal gehou. Ons vat hande met PSG ons hoofborg van die aand. Verdere besonderhede volg in ons volgende nuusbrief.

F) AFWESIGHEID VAN MEI/JUNIE EKSAMEN

Ouers, daar kan géén uitsonderings vir énige leerder rakende die eksamen gemaak word nie. Leerders skryf op die dae en datums soos op die eksamenrooster aangedui. Ons kan nie die integriteit van die eksamen in gedrang bring nie.

Ek bring dit net weer onder u aandag: indien 'n leerder tydens die skryf van die eksamen afwesig is, moet 'n mediese sertifikaat/kliniekbrief ingedien word. Indien dit nie gebeur nie, ontvang 'n leerder 0 vir die betrokke vak.

Afsprake vir leerling- en/of lisensie kan nie in die eksamen plaasvind nie.

G) COVID-19

Indien 'n leerder Covid-positief of in isolasie is, moet dit dadelik onder die aandag van ons graadhoofde gebring word. U kan die graadhoofde by die volgende e-posadresse in kennis stel:

Gr. 8: hstrauuss.framesby@gmail.com

Gr. 9: erwinstrauss@outlook.com

Gr. 10: fvdwalt@framesby.co.za

Gr. 11: jeanette.schoeman@yahoo.com

Gr. 12: lschelbert@framesby.co.za

K) VISUELE KUNSTE

Die graad 10-leerders wat Visuele Kuns neem, moet 'n 6 uur lange verpligte praktiese assessering tydens die



Junie-eksamen voltooi.

Die praktiese assessering sal as volg plaasvind:

Vrydag 10 Junie 12:00 tot 14:00
Maandag 13 Junie 08:00 tot 12:00

M) NEEM VAN INDIVIDUELE FOTO'S

DATUM	DAG	GROEP	TYD
10/06	Vrydag	Graad 11	11:30 - 13:00
15/06	Woensdag	Graad 10	11:00 - 12:30

- o Individuele foto's van leerders sal op bogenoemde datums na aflegging van die eksamen geneem word.
- o Leerders moet in volle wintersdrag geklee (baadjie en das) wees.
- o Leerders moet netjies wees (geen grimering/geskeer/hare korrek/geen oorbelle – volgens skoolreëls).
- o Foto's word deur 'n professionele fotograaf in die Kosblik geneem.
- o Bestellings sal vanjaar deur Die Hanger hanteer word. Besonderhede volg later.

Ouers, ek sluit af deur u te bedank vir u ondersteuning en om u aan te moedig om u leerder/s te ondersteun in hul strewe om suksesvolle en gelukkige leerders van HS Framesby te wees. Soos ek dikwels vir u sê: die toekoms is blou en goud. Kom ons werk almal daarvan om dit so te hou.

MARIUS GERMISHUYS
SKOOLHOOF



2 LEERDERS IN OP-MUURBALSPAN OPGENEEM

Baie geluk aan die volgende leerders wat in die OP-muurbalspan opgeneem is: Chandré van Eck (Graad 9) en Lourens van Niekerk (graad 12).
Framesby is baie trots op julle!!



1STE DOGTershokkie KLOP VIR VICTORIA PARK GEMAKLIK

0/14A dogters verloor 2 - 1

0/16A dogters wen 1 - 0

1ste dogters wen 7 - 0

1ste seuns verloor 1 - 5

LANDLOOP

LANDLOOP BY BERGSIG

Die derde Saterdag-landloopliga het by Bergsig, Uitenhage, plaasgevind. Slegs 11 atlete van Framesby het deelgeneem. Die hitte en bulterige roete het die atlete laat les opsê.

Ons behaal nogtans uitstekende uitslae:

Dallian Oerson (seuns 0.15) en Zanri Black (dogters 0.17) behaal eerste plekke in hul onderskeie ouderdomsgroepe. Zadriaan Gouws behaal 'n derde plek in die seuns 0.17-afdeling. Elanca van Jaarsveld (dogters 0.17) en Esmerie Oberhauser (dogters 0.15) behaal vierde plekke in hul onderskeie afdelings. Baie geluk aan die atlete.



Centre Management:
041 360 9442



Kragga Kamma Road,
Sunridge Park



GENERATED POWER 24/7

FRAMESBY VS BRANDWAG UITSLAE:

Netbal:

0.14A wen 20-19
0.14B wen 23-3
0.14C wen 21-12

0.15A wen 23-19
0.15B wen 20-13
0.15C wen 39-7

0.16A wen 25-12
0.16B wen 29-7
0.16C wen 20- 9

0.19A wen 32-6
0.19B wen 13-12
0.19C wen 14-7



Rugby:

0.14 A wen 17-7
0.14 B wen 19-7



0.15 A wen 19-12
0.15 B verloor 24-26

0.16 A wen 31-28
0.16 B wen 29-5

4de wen 16-5
3de wen 14-7
2de wen 29-0
1ste wen 45-7



Dogtershokkie:

2des verloor 0-1
1ste wen 3-0
0.14A wen 5-0
0.16B verloor 0-1
0.16A wen 2-0
0.16C verloor 0-1



Centre Management:
041 360 9442



Kragga Kamma Road,
Sunridge Park



GENERATED POWER 24/7

50 WEDSTRYDE VIR ISTE HOKKIESPAN

Baie geluk aan Anuchka de Lange, Nianke Bezuidenhout en Mienke Vinson wat al 50 wedstryde vir die eerste hokkiespan gespeel het. Knap gedaan!



4 NETBALSPANNE AS WENNERS VAN DIE METRO-KAMPIOENSKAPPE GEKROON

Vier uit die vyf spanne wat in die kompetisie meegeding het, is as widders aangewys.

Die 0.14 A span deel die 1ste posisie met Hoërskool Pearson.

Die 0.15 A en 0.16 A netbalspanne wen alle wedstryde en beklee die 1ste posisie.

Die 0.17 netbalspan is die enigste span in die Metro wat in die kompetisie kompeteer, en gaan dus na die volgende rondte in Oos Londen deur. Drie van die spanne (0.14, 0.16 en 0.17) speel reeds 16 Junie 2022 in Oos Londen waar hul vir die Oos Kaap Kampioene kompeteer. Die 0.15 A-span neem aan die Kay Motsepe netbaltoernooi deel. Die volgende rondte vind 30 Julie 2022 in Oos Londen plaas.

Baie geluk met die pragtige prestasies. Ons is verskriklik trots. Blaas Hoërskool Framesby se vlam hoog.



BERGFIETS : TRANS ELANDS

Stephan Roth en Tian Diedericks het aan die Trans Elands 30 km wedren deelgeneem. Stephan het 'n algehele 6de en Tian 'n 14de plek behaal. Ons is baie trots op hierdie ysters!



SPEELTONEEL EN FOTOFOKUS

Anika Johnstone het haar oudisie vir Speeltoneel in April geslaag. Sy begin Junie 2022 met haar 4 maande drama kursus waarna sy in 'n kort film te sien en sal wees wat op Via uitgesaai word. Ons wag met groot opgewondenheid om te hoor wie haar mentor gaan wees (Izak Davel, Je-anie Swiegelaar, Desire Gardner of Vilje Maritz).

Anika is ook as 'n wenner in die Fotofokus kompetisie aangewys om in een van Irene-Louise se musiek video's te verskyn.



MUSIEK TRIVIA-AAND GROOT SUKSES

Die Framesby-Fondsinsamelingskomitee (FFK), in samewerking met FOV het op Vrydag 27 Mei 'n MUSIEK TRIVIA-aand vir Framesby-ouers en ondersteuners aangebied. Die KOSBLIK was van vroegaand af 'n miernes van bedrywighede soos die 34 spanne gereed gemaak het vir 'n aand vol opwinding. Nie eens beurtkrag kon die geesdrif demp nie. Dit was duidelik dat die Framesby-ondersteuners hulle musiek ernstig opneem. Daar was sterk kompetisie tussen die verskillende spanne. So tussen al die musiek deur, was daar ook 'n aantal gelukkige trekkings wat vir verdere opwinding gesorg het. Uiteindelik het die Boksombende as algehele wenners uit die stryd getree met Lets get Quizzial kort op hulle hakke. FFK en FOV bedank almal wat die aand moontlik gemaak het. Dankie vir die fantastiese ondersteuning van die Framesby-ouers !!



Centre Management:
041 360 9442



Kragga Kamma Road,
Sunridge Park



GENERATED POWER 24/7

VRIEND VAN DIE FRAMESBY MEDIASENTRUM

Enige leerder wat die belang van die Mediasentrum op die hart dra, op 'n gereelde basis die Mediasentrum besoek én van enige dienste gebruik maak (bv. navorsing, uitleen van enige items, lees van enige bronre, groepwerk, huiswerk, rekenaarwerk, fotokopiëring, drukwerk, bordspiele) ook in klasverband, is welkom om by die ondersteunersgroep Vriende van die Hoërskool Framesby-Mediasentrum aan te sluit.

Daar sal 'n aansluitingsfooi van R30 wees. Lidmaatskap kan daarna jaarliks teen R10 per jaar hernu word. Enige lid wat 'n detensie kry vir enige oortreding by die Mediasentrum, se lidmaatskap sal onmiddellik beëindig word en die balkie teruggetrek word. Alle reëls van die Mediasentrum sal van toepassing op lede wees.

Voordele vir lede:

1. Elke lid sal 'n boekmerk en 'n balkie kry.
2. Slegs lede sal invir pryse vir die Flinkste lesers ag geneem word.
3. Lede sal 5 boeke op 'n slag mag uitneem, plus 3 DVD's.
4. Almal mag gedurende vakansies ekstra boeke (nie DVD's nie) uitneem. Die aantal boeke sal bepaal word deur verskillende leeskategorieë wat deur die Mediasentrumbestuurder opgestel sal word. Alle lede met 'n skoon rekord en wat nie 'n detensie gekry het of nog nooit op die swartlys was nie, sal toegelaat word om ook boeke gedurende die Desembervakansie uit te neem.
5. Lede sal kennisgewings op Whatsapp oor nuwe boeke en DVD's, of enige items wat hulle bestel of aanbeveel het ontvang.

*Leerders moet eers 30 items uitneem om te kwalifiseer.





DIE KOSBLIK

MIDDAGETES TEEN R25

Beskikbaar tweede pause en na skool slegs op bestelling

Week 5

MAANDAG

Hoender Fillet, bedien met Koriander Rys en Groente

DINSDAG

Cajun Kort Rib, bedien met Rys en Geroosterde Groente

WOENSDAG

Hoender en Feta Basieliekruit Pasta, bedien met Knoffelbrood

DONDERDAG

Kaaswors Pastei, bedien met Aartappelskyfies en Sambals

VRYDAG

Stokvis in Masala Beslag, bedien met Aartappel Wiggies en Slaai

VIR BESTELLINGS:

DUANNE: 078 972 2175

E-POS: WSPE.FRAMESBYHS@EMPACTGROUP.CO.ZA



Charnelle
charnelle@diehanger.co.za
082 342 8113

EWING

DIE
HANGER



MAANDAE TOT DONDERDAG 12:00 - 17:00
VRYDAG 08:00-11:00



Ondersteun

Hoërskool Framesby

deur Samba



Sluit vandag aan by Samba en deel in die voordele.

Sms nou "FRAMESBY" na 30907

Samba sal u kontak vir lidmaatskap.

soveel meer *vir my | so much more *for me**
Samba
Koöperatief Beperk | Co-operative Ltd

www.sambakoop.com

Samba Koöperatief Beperk is 'n gemagtigde FDV (Nr. 18212) en 'n geregistreerde KDV (NCRCP 1270). Termes en voorwaardes geld.

Wat is die VOORDELE om by SAMBA aan te sluit as lid?

- 'n Kontant-terug-bonus op aankope word jaarliks gedurende November aan lede uit betaal
- Sambalede kry tot 50 dae rentevrye krediet vir aankope
- Geen maandelikse fooie of transaksiekoste nie
- Tot 10% kontant-terug-bonus op aankope (brandstof uitgesluit)
- Samba fasiliteer korttermynversekeringpremies deur Santam, Hollard en Bryte
- Die maandelikse premie kwalifiseer vir 'n maandelikse bonus
- Mediese gapingdekking deur Optivest en Stratum
- Bekostigbare gesins begrafnisbystandfonds
- Na 6 maande lidmaatskap kan lede aansoek doen vir motorfinansiering en ander batefinansiering teen 'n gekoppelde rentekoers of vaste rentekoers van 12%* per jaar
- Persoonlike lenings teen 'n gekoppelde rentekoers of vaste rentekoers van 9.5%* per jaar kan voor aansoek gedoen word na een jaar van lidmaatskap
- 'n Bedrag van Samba se diverse wins in vergelyking met hul jaarlikse aankope word ook aan lede toegeken
- Dit alles en nog meer is beskikbaar teen 'n minimale kaartfooi van R294* per kaart per jaar

Hoe werk die rentevrye krediet vir aankope?

Die Sambarekening sluit alle aankope in vanaf die 16de van 'n maand tot en met die 15de van die volgende maand. Lede sal hul Sambarekening ontvang voor die laaste week van elke maand.

Die uitstaande bedrag moet betaal word voor of op die 5de van die daaropvolgende maand om te kwalifiseer vir u bonus. Bv. Die Samba aankope maand loop vanaf 16 Januarie – 15 Februarie met die volle bedrag betaalbaar teen 5 Maart.

Hoe doen ek aansoek vir lidmaatskap?

Voltooï 'n aansoekvorm en stuur die voltooide aansoekvorm terug na Samba tesame met u nuutste maand se bankstaat en salarisstrokie OF slegs u nuutste maand se salarisstrokie, afskrif van u ID en 'n bewys van adres na aansoek@sambakoop.com.

Aansoekvorms is beskikbaar op ons webblad by www.sambakoop.com of stuur vir ons 'n e-pos na aansoek@sambakoop.com. of skakel u naaste Samba-kantoor by Bloemfontein: 051 448 0111, Kimberley: 053 831 1976/7 en Port Elizabeth: 041 363 2727.

*Koste en rente kan van tyd tot tyd verander soos deur die kredietgiver bepaal. Aansoek is onderhewig aan goedkeuring. Persoonlike lenings is beperk tot 'n maksimum toegelate bedrag. Samba (Koöperatief) Beperk is 'n gemagtigde Finansiële dienstverskaffer (lisensienr. 18212) en 'n geregistreerde kredietverskaffer (NCRCP1270). Terme en voorwaardes geld.

FRAMESBY OUDSKOLIERE



ONS GESELS MET: KONRAD DE VILLERS



Konrad de Villiers

Ek het in 2006 aan Hoërskool Framesby gematrikuleer.

Die sportdae en -toere was verseker van die hoogtepunte van my skoolloopbaan. Vriendskappe wat daar gevorm is, staan uit. Ek was bevoorreg genoeg om vir 5 jaar 'n lid van die 1ste krieketspan te kon wees - onder leiding van mnr. Chris van Niekerk. Ek het ook vir NMU se 1ste span gespeel, wat 3 klubkampioenskappe asook 4 universiteitsweke gewen het. Daar het ek die geleentheid gehad om saam met wonderlike spelers te speel wat tans die land op die veld verteenwoordig. Om deel te wees van die 1ste rugbyspan in my gr.10, 11 en 12 jaar was ook baie spesial. Dit was onder leiding van mnr. Johnny Vermeulen asook mnr. Louis Gerber. Dit is tye wat ek altyd sal koester.

Ek het vanaf 2007 tot 2010 my Bed graad (FET) aan die Nelson Mandela Universiteit voltooi. Ek het na

skool by krieket- en rugbyafrigting by die skool ingeskakel.

Ek was gelukkig genoeg om 'n onderwypos by my alma mater te kon kry en is sedert 2011 werkzaam by die Hoërskool Framesby. Tydens die tydperk is ek ook geseënd om wonderlike tye op die sportveld en in die klaskamer te beleef. Om Framesby op verskeie terreine op die hoogstevlak te laat kompeteer, is my dryfkrag. En om te sien hoe leerders op akademiese en op sportgebied ontwikkel, is iets wat my verskriklik opgewonde maak.

Ek het my wonderlike vrou Tessa op laerskool al ontmoet en in 2021 in Januarie is ons in die huwelik verbind. Ons het 'n pragtige 11 maande oue dogtertjie naamlik Avé wat ons tans baie besig hou. Ons as gesin is bevoorreg genoeg om 'n wonderlike ondersteuningstrukteur te hê, naamlik ons ouers, familie en vriende.



OUDSKOLIERE SAMEKOMS:

Oudskoliere samekoms in Pretoria, 10 September 2022.
Verdere inligting volg binnekort!

The poster features a dark blue background with a winding yellow and red road graphic. On the right side, there is a photo of a young man and woman laughing joyfully. The text on the poster includes:

- 11 JUNIE 2022**
18:30 VIR 19:00
- BESPREEK JOU PLEK
VOOR 1 JUNIE 2022
- HOËRSKOOL FRAMESBY
- OUDSKOLIERE**
samekoms
IN KAAPSTAD!
- KOM KUIER SAAM MET DIE SKOOLHOOF EN BEMARKERS
BY HOËRSKOOL D.F. MALAN IN DIE TREINSAAL.
- R150 PER PERSOON**
SLUIT IN KOS EN DRANK
- VIR ENIGE NAVRAE EN BESPREKINGS:
MEDIASENTRUM@FRAMESBY.CO.ZA
- Framesby se toekoms is blou en goud!*
- Hoërskool
Framesby
HARDHAFF EN BOU



Centre Management:
041 360 9442



Kragga Kamma Road,
Sunridge Park



GENERATED POWER 24/7

OUDSKOLIERE BERIGTE:

Indien jy iemand vir die Oudskoliere-berig wil nomineer,
kontak ons gerus : mediasentrum@framesby.co.za.

Ons wil graag berigte plaas van al ons oudskoliere, maar
benodig hul selfofoonnommer/e-pos om kontak te maak.

Dis altyd lekker om te hoor waar ons oudskoliere hulself
vandag bevind sowel as om terug te kyk na almal se
Framesby herinneringe.



FRAMESBY OUDSKOLIERE (FOS)


Beste Oudskolier

Ons wil julle graag van gebeure rondom jul alma mater op hoogte hou. Om hierdie rede wil ons graag ons databasis op datum bring en vra dat alle oudskoliere asb. die volgende inligting na **fos@framesby.co.za** sal e-pos:

- NAAM EN VAN :
- NOOIENSVAN:
- ID-NOMMER:
- JAARTAL GEMATRIKULEER:
- ADRES:
- PROVINSIE:
- BEROEP:
- TELEFOON:
- SELFOONNOMMER:
- E-POSADRES:

**U inligting bly hoogs
vertroulik.**

**Die rede hoekom ons u
ID-nommer benodig, is om te
verhoed dat ons duplike op
ons sisteem stoor.**





Hoërskool Framesby

SPORT

HOOF: NETBAL

Minimum vereistes:

- Meld afrigters- en skeidsregterskwalifikasie.
- Bewese ondervinding in afrigting van 0/19 A-netbalspanne.
- Bewese ondervinding in opleiding van afrigters.
- Sterk kommunikasie- en dissiplinevaardighede.
- Sterk administratiewe vaardighede.
- Bewese rekord in bestuur van netbalprogram by 'n skool.
- Die teken van 'n prestasieklausule is 'n vereiste.

Verantwoordelikhede:

- Beplanning van wedstrydprogramme in same-werking met die sporthoof.
- Reëlings t.o.v. wedstryde, velde, skeidsregters, en so meer.
- Bestuur van afrigterskorps.
- Aanbied van netbaltoernooie by die skool.
- Rapporteer direk aan die sport- en skoolhoof.
- Vergesel netbalspanne na vakansietoernooie en wedstryde.
- Diensaanvaarding: **Oktōber 2022**
- Sluitingsdatum vir aansoeke: **1 Augustus 2022**
- Slegs persone wat vir onderhoude genooi word, sal gekontak word.
- Die Beheerliggaam behou homself die reg voor om nie die pos te vul as 'n geskikte persoon nie gevind word nie.
- Volledige aansoeke en CV's aan:

Tel : 041-360 1257 - Faks: 041-360 7787

E-pos: skoolhoof@framesby.co.za

OptiLife

medical health & wellness

***Your family GP,
conveniently located in your favourite
local shopping centre!***



NON-EMERGENCY – BY APPOINTMENT ONLY

CONSULTING TIMES:

MON — FRI : 08:00 - 18:00

SATURDAY : 08:00 - 13:00

Where possible, please book your appointment online at:

www.optilife.co.za

Book Online >



OptiLife
medical health & wellness

Shop 54 | Sunridge Village Shopping Centre | Kragga Kamma Rd | Sunridge Park

Tel: 041 450 9454 | www.optilife.co.za

SUNRIDGE
VILLAGE